sa BOER GOAT BREEDERS' ASSOCIATION
BOERBOK TELERSVERENIGING

A highly profitable **meat-producing goat breed** that converts low quality vegetation into meat.



12 Griffith Street, Aliwal North 9750, Eastern Cape

Michelle Kruger

BELANGRIKE INLIGTING

Enige afdeling A ooi wat voor 2024 gebore is kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of sy na 2024 gekeur word nie.

Enige afdeling B ooi wat voor 2026 gebore is kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of sy na 2026 gekeur word nie.

Enige afdeling A ram gebore voor 2023 kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of hy na 2023 gekeur word nie.

Enige afdeling B ram gebore voor 2024 kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of hy na 2024 gekeur word nie.

Al die diere behou hulle stoetplate en kan by nasionale en wêreldskou deelneem.

Kleur Plaat Sisteem - Geen dier word geplaat sonder ID plaat nie (Jaartal + nr - bv 23-01)

Blou - 'n Geregistreerde dier wat fenotipies voldoen aan vereistes van 'n stoet dier asook aan die registrasie tydlyn vereistes soos gekommunikeer

Groen - Alle kudde diere (insluitend Tipe D telers)

Kudde Inspeksie verslag kodes as volg:
K - Kudde Bouvorm (alle diere met kudde bouvorm ongeag registrasie)
KR - Kudde Registrasie (Stoet bouvorm, voldoen nie aan registrasie vereistes - Alle telers, insluitend Tipe D telers)
KSP - Kudde Speen (Stoet Bouvorm, kudde speen)
KK - Kudde kleur (Stoet Bouvorm, kudde kleur) Word so op inspeksie verslag aangeteken met bostaande kodes.

Rooi - "Fit to Travel" plaat - geen ooglopende prulfoute en voldoen aan minimum vereistes vir uitvoer doeleindes (van toepassing op diere wat te jonk is vir inspeksie)

Plaas inspeksies - Teler kan self besluit indien hy/sy kudde bokke geplaat wil hê - teler verantwoordelik vir koste vanaf Julie 2024*

GROEP D TELER:

1.1.1 'n Bok wat aan die rasstandaarde voldoen.

1.1.2 Hierdie kudde sal nie by S A Stamboek geregistreer word nie.

1.1.3 Sekere voorwaardes sal geld waaronder hierdie lid sy lidmaatskap binne die telersvereniging kan behou, naamlik:

(a) Geen deelname aan 'n nasionale of wêreldskou.

(b) Geen aanbieding van diere op enige nasionale veiling of skouveiling nie.

(c) Diere binne hierdie kudde sal slegs gekeur of afgekeur word met elke twee-jaarlikse keuring en met dieselfde SABTV plaatjies geplaat word.

(d) Enige diere uit hierdie kudde sal, indien registrasie plaasvind, na die intreedatum opgeneem word as basis diere, met ten minste 'n 12 (twaalf) maande skriftelike kennisgewing van die intreedatum aan die lede.

1.1 STOETBOEK

Die registrasiestelsel van die Vereniging sal bestaan uit die Stoetboek (wat bekend sal staan as “die Suid-Afrikaanse SA Boerbok of Savanna of Kalahari Red Stoetboek”) wat elk uit die volgende drie afdelings sal bestaan, naamlik die Basiese afdeling, die Hulpstamboek Afdeling en die Volgeregistreerde Afdeling (SP, Studbook Proper) en wat ingevolge die Wet deur 'n Registrerende Owerheid in stand gehou en bedryf word.

1.2.1 BASIS AFDELING (Voorheen aangetekende Groep C bokke)
1.2.1.1 'n Bok wat die vereiste fenotipe cum genotipe is en tydens inspeksie aan die minimum Rasstandaarde van die Vereniging voldoen (Bylae B – SA Boerbokke en Bylae C – Savanna-bokke en Bylae D – Kalahari Reds;

1.2.1.2 Geslag, 'n gewig en weegdatum aangeteken op die stelsel;

1.2.1.3 Daar moet ten minste 10 bokke in dieselfde ouderdomsgroep (tydgenote) op dieselfde dag in een groep geweeg word; sal geskik wees vir aantekening in die Basis Afdeling van die Stoetboek.

HULPSTAMBOEK AFDELING
1.2.2.1 HULPSTAMBOEK A
(a) enige bok voorheen aangeteken in Groep B waarvan 'n ouer bekend is en op die stelsel aangeteken is;

(b) enige bok wat van die verlangde fenotipe cum genotipe is, wat voldoen aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie en waarvan 'n ouer bekend is;

sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling van die Stoetboek.

1.2.2.2 HULPSTAMBOEK B
Die nageslag van –

(a) 'n Hulpstamboek A ooi en 'n Hulpstamboek A ram, Hulpstamboek B of 'n Volgeregistreerde (SP) ram;

(b) 'n Hulpstamboek B of Volgeregistreerde (SP) ooi en 'n Hulpstamboek A ram;

wat aan die minimum rasstandaarde (Bylae B, C of D) en produksie vereistes en aan al die ander registrasie vereistes van die Vereniging voldoen, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek B Afdeling van die Stoetboek.

1.2.2.3 VOLGEREGISTREERDE AFDELING (SP)
Die nageslag van –

,(a) 'n Hulpstamboek B ooi en 'n Hulpstamboek B ram of Volgeregistreerde (SP) ram; of

,(b) 'n Volgeregistreerde (SP) ooi en 'n Hulpstamboek B of Volgeregistreerde (SP) ram;

wat in beide gevalle aan die minimum rasstandaarde (Bylae B, C of D) en produksie vereistes en aan al die ander registrasie vereistes van die Vereniging voldoen, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir registrasie in die Volgeregistreerde (SP) Afdeling van die Stoetboek.

Alle bokke, wat vir registrasie in aanmerking kom, moet aan al die reëls en regulasies van SA Stamboek, die Registrerende Owerheid se Grondwet voldoen, soos omskryf in Aanhangsel K.

In die toekoms gaan diere wat tydens 'n veiling geprul word, onttrek word van die veiling. Daar sal dus op die inspeksielys ONTTREK geskryf word langs die dier, sodat die betrokke dier nie van Stamboek verwyder word nie.

Senior kursusse gaan oor 2 dae gehou gaan word, met die eksamen op dag 3.

KALAHARI RED INLIGTING

Goeie dag Lede - KALAHARI EN SAVANNA Stamboek inspeksies: Basis diere van hierdie twee rasse is vir baie lank al by Stamboek opgeneem as Afdeling A diere, en niemand kon tot vandag toe nog vir my verduidelik hoe dit gebeur het nie. Stamboek gaan die "fout" regstel na afloop van ons Algemene Jaarvergadering. Neem as kennis daarvan - die verskillende tipe telers ens word nou duidelik in ons Grondwet omskryf. Diere wat egter in die verlede foutiewelik opgeneem is by Stamboek gaan hulle status behou.

Namens almal deel ons ons hartlike gelukwense en beste wense aan die Kalahari red Klubpresident, Ivan Van Heerden en Charlise Visser met hul verlowing 💚 💚
Mag julle geseën word met 'n lang en gelukkige lewe saam.

Kilifi Creek het 'n silwer toekenning van Logix (S.A. Stamboek) ontvang en die streek-kleinvee kategorie gewen. Hartlik geluk aan Douw en Antoinette Dry met hierdie besonderse toekenning.

Eerste Kalahari reds met nuwe plate!
Foto: Nico Prinsloo

Hiermee net weer 'n paar reëls uit die Raadsbesluite register aangaande veilings:

(a) Geen dier onder die ouderdom van 10 maande met 'n minimum gewig van 40kg mag op 'n veiling onder beskerming van die SABTV aangebied word nie.

(b) Stoettelers moet elke twee jaar inspeksie op hulle plaas laat doen. Lede wie nalaat om verpligte inspeksies te laat doen sal nie bokke op die Nasionale Veiling kan verkoop nie. Hulle sal ook nie kan deelneem aan die Boerbok Wêreld Kampioenskappe of Streek skoue nie.

(c) 3 Goedgekeurde diere moet op 'n amptelike veiling aangebied word om te kwalifiseer om 'n produksie veiling aan te bied, maar die lid is nie verplig om die diere te verkoop nie.

Savanna INLIGTING

Bestuur:
Voorsitter:Joe Scholtz
Visie-Voorsitter: Danie du Toit
Sekretaresse: Esna Vorster
Addisionele lede:
Koenie Kotzé
Tat Scholtz
Hardus Korb
Louis du Plessis

Regs: Baie geluk aan Joe Scholtz en seuns met die Elite Silwer toekenning wat hulle van Stamboek ontvang het. Dis 'n groot eer!

Die derde NAMPO ALFA het plaasgevind vanaf 12-14 Oktober 2023 op NAMPO Park, net buite Bothaville. NAMPO ALFA verenig entoesiaste van die vee-, jag- en buitelugbedryf op 'n enkele baanbrekende platform.
Die veebedryf in Suid-Afrika groei en vorm 'n belangrike deel van die plaaslike ekonomie. Hierdie groei was duidelik sigbaar in die feit dat ALFA oor 'n tydperk van vier jaar gegroei het tot die beste vee-ekspo in die land. Die volgende logiese stap sou wees om dit nog groter te maak, en met jare se suksesvolle vertonings teen sy naam, is NAMPO Park die ideale plek waar ALFA sy vlerke kan sprei.

GHAAP LANDGOED PTY LTD se Ghaap Savannas het vir die 5de aaneenlopend jaar diere op Alfa Nampo uitgestal. Al die afdelings se top Alfa diere behoort aan Ghaap Savannas nl. Alfa senior teelram, Alfa moneymaker ooi, Alfa top jongram en Alfa top jongooi. Hierdie savanna kudde se diere is 100% almal prestasie getoets vir meer as 20 jaar. Alle savanna bokke is ook by SA STAMBOEK geregistreer.
By die Alfa Nampo skou het Andrew Roberts ook sy Kampioen ram van 2023 se Wêreldskou te Bloemfontein uitgestal. 'n Pragtige ram.
Die Savanna vlag het weereens hoog gewapper by Alfa Nampo Bothaville.

INNIBOS BOERBOKGROEP

16th PRODUCTION SALE

SATURDAY, 19 AUGUST 2023 at 11:00

Aangebied deur Vleissentraal - Afslaer: Craig le Roux

Duurste ram verkoop deur Schoonheid Boerbokstoet vir R32 500 aan Tobie Fourie en Seuns.
Duurste ooie, lot 88 en 89, is verkoop deur Petrus Visagie Boerdery aan MASHISHI MF vir R32 000/lot.

Baie geluk aan die Innibos Boerbok GROEP met nog 'n goeie veiling op Bela-Bela.

2 September 2023
Duurste Kalahari red ram verkoop vir R55 000 deur Johnny Henderson aan Elmare Jones van die Vandergoat Stoet.
Duurste Boerbok ooi met lam verkoop deur Ilse Lombard van die Kleinbegin boerdery aan MFGN FARMING (PTY)

KURSUSSE AANGEBIED VANAF 1 JULIE - NOVEMBER 2023

Junior Kursusse

Datum	Plek	Aanbieder	Hoeveel	Beste Student
6 Julie 2023	Plaas Rooidam , Kuruman	Hein Booysen en Jacques Pretorius	26	Tsenolo Edward Moseki - 86% Mosiami Kilelo - 86%
13-14 Julie 2023	Kimberley	Hermien Burck en Johan Strauss	24	Sleg attendance serifikaat gekry
14 Julie 2023	Pretoria	Jacques Pretorius en Heraldo Smith	30	Charl Smith -85%
28 - 29 Julie 2023	Vrede - Ilse Lombard	Paul Moore	9	Armand de Clercq - 81%
	Upington	Freddie Stolper en Kobus Lotter	13	Jaco Radford - 91%
23 - 24 Aug 2023	Chandelier Oudtshoorn	Gerrie Ferreira, Nicky Nell en Jan-Chris Marais	22	Ockie Nel - 97%
15 - 16 Sept 2023	Kinkelbos	Erik Meyer en PW Botha	15	Nico Els - 85%
4 - 6 Okt 2023	ENGEDI MANOR, Muldersdrift	Salmon van Huyssteen	23	Viaan van Wyk - 83%
10 Okt 2023	Brasilië	Danie Strauss	40	Clessio Jose Gomes Moreira - 83%
12 Okt 2023	Plaas Rooidam , Kuruman	Hein Booysen	24	Mmoloki Beatitude Moetlo - 88%
12 -13 Okt 2023	Chandelier Oudtshoorn		14	Mare du Toit - 84%

Senior Kursusse

Datum	Plek	Aanbieder	Hoeveel	Beste Student
16-Sep-23	Paterson	Erik Meyer	12	Ryno Wepener , Philip Frost , Hennie Snyman ,Louw Botes , Carina Erasmus , Magna van Heerden en Barend Koen -85%
4-6 Okt 2023	ENGEDI MANOR, Muldersdrift	Lukas Burger	11	Marius Smit - 71 %
23 - 24 Aug 2023	Chandelier Oudtshoorn	Gerrie Ferreira, Nicky Nell en Jan-Chris Marais	15	Ockie Nel - 79%

16 SEPTEMBER 2023

Kalahari Red

8TH PRODUCTION SALE

FIRE AND WINE ARENA, PRETORIA
GPS: 25°48'14.3"S 28°23'03.9"E

11:00

INNIBOS
BOERBOK GROEP

FLOOR & ONLINE BIDDING

Kalahari Red Kudde ooi:
Stoet Ram: Lot 7, Tag No. 100-22-062 verkoop vir R50,000-00 deur Anton & Rickus Bothma aan Sethala SA Malope
Stoet ooi: Lot 29, Tag No. 100-21-176 verkoop vir R130,000-00!! deur Anton & Rickus Bothma aan Nico Prinsloo.

25 Kudde ooie verkoop @ gemiddeld R10 720
15 Dragtige kudde ooie verkoop @ gemiddeld R10 766
23 Stoet ooie verkoop @ gemiddeld R25 434
15 Dragtige stoet ooie verkoop @ gemiddeld R29 200
5 Kudde ramme verkoop @ gemiddeld R13 500
8 Stoet ramme verkoop @ gemiddeld R23 437

THE DATE

ENQUIRIE
Anton Bothma: 071 9

CdP AUCTIONEE
SE

MARKETING ADMIN ONLINE

– FOR MORE INFORMATION: WWW.CDPAUCTIONEERS.CO.ZA –

ONLINE CONDITIONS: 1) FICA DOCUMENTATION AT REGISTRATION 2) 1% ONLINE AUCTION COMMISSION payable

UITSLAE van die Wes-Kaap Boerbokklub Streekskampioenskappe

Moorreesburg 7-9th Sept 2023 Beoordelaars: Hein Booysen & Charles Willemse

Die Wes-Kaap Boerbokklub se streekskampioenskappe by vanjaar se Swartland-skou was 'n fees vir die oog, met topgehalte Boerbokke op skou. Boerbokke was geskou in verskeie kategorieë. Hiermee die wenners:

Foto1: Grootkampioen ram (regs) - Vertoner: Andries Vollgraaff, Tekoa Boerbokstoetery, Ceres. **Reserwe-grootkampioen ram** - Vertoner: Mac-Hendrik Jordaan, Jourdan Boerbokstoetery, Porterville. Van links is Charles Willemse, beoordelaar, Elizabeth en Mac-Hendrik Jordaan, Andries Vollgraaff, Hendrik Geduld en Hein Booysen, beoordelaar.

Foto 2: Grootkampioen ooi (regs) - Vertoner: Andries Vollgraaff, Tekoa Boerbokstoetery, Ceres. **Reserwe-grootkampioen ooi** - Vertoner: Mac-Hendrik Jordaan, Jourdan Boerbokstoetery, Porterville. Van links is Charles Willemse, beoordelaar, Elizabeth en Mac-Hendrik Jordaan, Andries en Dawid Vollgraaff, Hendrik Geduld en Hein Booysen, beoordelaar.

Foto 3: Senior kampioen ram (regs) - Vertoner: Andries Vollgraaff, Tekoa Boerbokstoetery, Ceres. **Reserwe- senior kampioen ram** - Vertoner: Mac-Hendrik Jordaan, Jourdan Boerbokstoetery, Porterville. Van links is Elizabeth en Mac-Hendrik Jordaan, Hendrik Geduld en Andries Vollgraaff.

Foto 4: Senior kampioen ooi (regs) - Vertoner: Andries Vollgraaff, Tekoa Boerbokstoetery, Ceres. **Reserwe senior-kampioen ooi** - Vertoner: Mac-Hendrik Jordaan, Jourdan Boerbokstoetery, Porterville. Van links is Elizabeth en Mac-Hendrik Jordaan, Andries Vollgraaff en Hendrik Geduld.

Foto 5: Junior kampioen ram (regs) - Vertoner: Andries Vollgraaff, Tekoa Boerbokstoetery, Ceres. **Reserwe junior-kampioenram** - Vertoner: Mac-Hendrik Jordaan, Jourdan Boerbokstoetery, Porterville. Van links is Mac-Hendrik Jordaan, Migiel Flink, Andries Vollgraaff en Hendrik Geduld.

Foto 6: Junior-kampioen ooi (regs) en **reserwe junior-kampioen ooi** - Vertoner: Andries Vollgraaff, Tekoa Boerbokstoetery, Ceres. Van links is Lukas, Andries en Dawid Vollgraaff, en Hendrik Geduld.

Swartlandskou SwartlandSkou - Moorreesburg, BKB, Jourdan Boerbok Stoet, SA Boerboktelersvereniging / SA Boer Goat Breeders' Society, FNB #Swartlandskou #Boerbokke

LUKAS BURGER PRODUKSIE VEILING

20 Sept 2023 sal in die geskiedenisboeke vir die SA Boerboktelersgenootskap en die bokbedryf onthou word as die dag waarop die eerste amptelike "Halfmiljoen" Bok verkoop is!!

'KOMATSU' geteel deur Lukas Burger Boerbokke, en op groot skaal in die stoetery gebruik, is op die stoetery se 25ste Produksieverkoping wat by Little Farm Lodge gehou is, verkoop teen 'n nuwe veilingsrekordprys van R500,000-00 aan Kabelo Rametse van CSR Farms vanaf Pretoria. Hartlike gelukwense aan beide Kabelo en Lukas.
BAIE GELUK ook **aan Louis Passano met die aankope van die duurste ooie.**
Lot 104: verkoop vir R55,000-00
Lot 90: verkoop vir R50,000-00
Lot 114: verkoop vir R50,000-00

Oos-Kaap Boerbokklub

Veiling

27 September 2023
Somerset-Oos
Aangebied deur BKB
Afslaer: Danie Strauss

Onder:
Duurste ooi met 2 lammers, Lot 217 Tag No. 19-230 verkoop vir R28,000 deur André Barnard van die Dankbaar Boerbokstoet aan Corné du Plessis.

Duurste ram, Lot 4, Tag No. 22-026 vekoop vir R18,000-00 deur Paardefontein Boerbok aan Paul Hobson

Tweede duurste ram, Lot 27, Tag No. 22-454 verkoop vir R18,000 deur Kobus Lötter & Seuns aan
Paul Hobson

ATKA STOET/STUD

ATKA 9TH NORTHERN AUCTION

SATURDAY **16 SEPT 2023** @ 11:00

@75, TIERPOORT, PRETORIA GPS: -25,8791353; 28,3764273
DIRECTIONS: Take the GARSFONTEIN off-ramp from the N1 towards MOOIKLOOF/ WELBEKEND for 15km's. The venue is 100m from the main road on your left-hand side.

@75

Duurste kudde ram verkoop vir R12 000 aan
E.M.D VAN ZYL T/A VAN ZYL BOERDERY

Aangebied deur Cdp Auctioneering
Afslaer: Danie Strauss

ALGEMENE JAARVERGADERING

18 Oktober 2023 - Banketsaal, Bloemfontein

'n Uiters suksesvolle opkoms van telers en rolspelers in die bedryf het gesorg vir 'n positiewe atmosfeer by die geleentheid wat om 18:00 begin het met 'n SA Stamboek-aanbieding deur Herman Labuschagne, voordat president Kobus Lötter die lede verwelkom en die vergadering gelei het.
Met verteenwoordiging van elke klub regoor Suid-Afrika, insluitend die SA Kalahari Reds Klub & die SA Savanna Klub, lyk die toekoms van die bokbedryf werklik positief.
Drie persone het vanjaar gesogte toekennings van erkenning ontvang, soos volg:

- Merietetoekenning: Michelle Kruger
- Persoonlikheid van die Jaar: Elmaré Kilian
- Waardering van diens (Sosiale media): Faheem Kala

Baie geluk aan bogenoemde persone met die verdienstelike eerbewyse.

Chantelle oorhandig geskenkies aan die Verkopers by die Nasionale Veiling

Gerrie Ferreira

Haraldo Smith

Hein Booysen

Hennie le Roux

Jaco van der Merwe

Jimmy Roberts

Kenneth Hamlett

Lieb du Raan

Martin Compion nms
Connie Coetzee

Martin Compion

Du Toit
van der Merwe

P.J. van
Rensburg

Stephanus
Malan

Steyn Potgieter

Tommie van
Kerken

Herman Labuschagne
S.A. Stamboek



Toekennings

Meriete toekenning: Michelle Kruger
Saamgestel deur Hennie le Roux

- Sy begin in 2003 by die SABTV kantoor.
- Sy is sedert 2012 Rasdirekteur van SABTV
- Sy gee 12 Joernale uit waarvan elkeen ń versamelstuk en koffietafel produk is
- Joernaal nr. 23 word as Wen Joernaal van alle Rasjoernale aangewys deur Vryburg Skougenootskap
- Sy begin die Boerbok Venstertjie waarvan daar alreeds 69 uitgestuur is aan lede.
- Sy het al 11 SA / Wêreldskoue suksesvol afgehandel.
- Sy hanteer ononderbroke 19 Algemene Jaarvergaderings en 55 Raadsvergaderings
- Sy gee 11 Studenteboekies uit waarvan sy self die grafiese ontwerp en fotos doen.
- Sy het 19 skoon Oudit verslae van die SABTV Ouditeure ontvang.
- Sy beman 18 keer die Nampo stalletjie.
- In 2019 word die SABTV stalletjie as die wen stalletjie aangewys in die vee afdeling.

Michelle hanteer Stoettelers van die Boerbok, Kalahari Reds en Savanna rasse. Elke persoon wat inbel word met dieselfde geduld en vriendelikheid behandel.

Vanselfsprekend aanvaar ons as Telers dat sy altyd net daar is. Sy is altyd beskikbaar. Ons gee haar egter nie altyd die nodige erkenning wat sy verdien nie.

Michelle verdien haar Meriete toekenning met lof. Mag sy in haar loopbaan nog vele hoogtes bereik.

Van al ons Telers ń nederige groot dankie Michelle.

Boerbok persoonlikheid van die jaar: Elmarie Kilian

deur Richard Biggs

Dit is vir my 'n groot voorreg om hierdie toekenning aan Elmarie te oorhandig. Hiermee 'n bietjie inligting oor wat hierdie Dame vir die SA Boerbok gemeenskap beteken.
Elmarie woon in Middelburg Oos-Kaap en is werksaam by Grootfontein Landbou Kollege. By Grootfontein is sy die Bestuurder van die Boerbok mini-plaas, asook lektor van sekere vakke in die landbou. Die bokke wat onder haar bestuur is, is diere wat die eiendom is van die SABTV.
Oor die afgelope paar jare het sy groot sukses gehad om hierdie stoet kudde se gehalte baie goed te laat verbeter. Haar sukses oor die laaste paar jare by verskeie skoue en veilings is beslis noemenswaardig. Vele kere het sy die top ooi pryse by die Oos-kaap Klub veiling behaal.
Haar passie is sulks dat sy (op haar eie koste) vele kere oor naweke na die mini plaas ry om om te sien na die ooie wat lam en diere wat reggemaak moet word vir skoue en veilings.
Elmarie het al opgetree as Sekretaresse van die Ooskaap Boerbokklub en is ook onlangs tot die Bestuur verkies. Haar passie is om die Boerbok ras te bevorder. Sy is ook altyd beskikbaar om ,n stalletjie te beman waar nodig. Sy adverteer en bevorder die Boerbok ras op verskeie sosiale media platforms sonder dat enigiemand haar vra om dit te doen. Ons as SABTV lede kan opreg trots wees op haar en ons ons kudde wat onder Elmarie se bestuur is. Hulle is top kwaliteit diere!
Baie geluk aan Elmarie Killian, jy verdien hierdie toekenning.

Faheem Kala - Sertifikaat van waardering vir diens gelewer (sosiale media)
Oorhandig deur Richard Biggs

Faheem en sy boerdery-onderneming Bushra Stud - Kalahari Reds & Boerbokke, is gebaseer in Botswana, en het in 2012 by die SA Kalahari Reds-klub aangesluit voordat hy in 2013 by die EXCO aangesluit het. Faheem het ook die amptelike Klub Facebook-bladsy oorgeneem as 'n strategiese bemarking platform. Hy bestuur ons bemarking platforms vir die 3 x rasse op Facebook, en publiseer direk na afloop van veilings die uitslae op die Klubs se WhatsApp groepe.
Hy dien nou al meer as 10 jaar in die Kalahari Reds Bestuurspan, onder 5 verskillende klub presidente, en is die enigste buitelander sowel as die langs dienende raadslid.
Faheem is heelhartig verbind tot die bokbedryf, al bly dit meer 'n passie projek as sy voltydse beroepskeuse, en hierdie onwrikbare passie skyn deur in elke pos, elke betrokkenheid en elke aktiwiteit. Sy jaarlikse bydraes tot die Boerbokjoernaal, nuusbriewe en promosie pamflette is ook van groot waarde.
Baie geluk aan jou Faheem Kala. Namens almal in die bedryf bedank ons jou opreg; mag jy lank voortgaan met jou uitstaande diens!

Boerbok/Kalahari red Nasionale veiling 2023

aangebied deur Vleissentraal Afslaer: Ian Grobbelaar

2706

E-mail:

BKB

Baie dankie aan Dr Marni Strauss vir die skandering van ooie en toets van ramme vir die Veiling. Dankie ook aan Albert van Zyl, Stephanus Malan en Kenneth Hamlett vir die keur van die ooie, en aan Charles Willemse, Hein Booysen en Casper Byleveld vir die keur van die ramme. Ook aan Mac Hendrik Jordaan, Francois Willemse en Hennie le Roux wat as Ringbeamptes gehelp het. Die wiel het weer mooi glad geloop saam met julle.

NASIONALE VEILING 2023 - BLOEMFONTEIN

Links: Die duurste ram (R140 000) op die nasionale boerbokveiling in Bloemfontein. Van links is Gerrie Ferreira van Karoo Livestock Exports van Oudtshoorn (verkoper), Kobus Lötter (voorsitter van die Boerboktelersgenootskap), Dolf Beets van Chandelier en Chantelle Smit (Boerboktelersgenootskap). Foto: Johan Norval

Regs: Die duurste ooi van R55 000 wat na Ghane uitgevoer word. Van links is Gerrie Ferreira van Karoo Livestock Exports van Oudtshoorn (verkoper), Kobus Lötter (voorsitter van die Boerboktelersgenootskap) en Dolf Beets van die plaas Chandelier, Oudtshoorn.

VEILINGSRESULTATE

Nasionale Boerbokveiling

Duurste Kalahari Red ram (lot 82) is verkoop deur Albie Horn aan Abdulha Alammar van Soudi Arabia.

Van links na regs: Wynand Erasmus (Vleissentraal Frankfort), Louwan Horn, Saif Alkaabi (namens koper Abdullah Alammar), Albi Horn (verkoper), Ian Grobbelaar (afslaer)

VLEISSENTRAAL
PORT ELIZABETH

AFSLAER Ian Grobbelaar 060 965 6207
BEMARKER Mario Kruger 060 522 3906 | Wynand Erasmus 079 523 5026

TERME & VOORWAARDES GELD

Die genetika van Suid-Afrikaanse vleisbokke is so gesog dat twee Afrika-kopers die hoogste prys vir 'n ram en 'n ooi op die Nasionale Boerbokveiling in Bloemfontein betaal het waar 85 ramme en 108 ooie onder die hamer gekom het.

Ram 21-0081 van Gerrie Ferreira van Karoo Livestock Exports van Oudtshoorn is teen die hoogste prys van R140 000 aan Wisdom Kpoda van Wakefield-ondernemings van Accra, Ghana, verkoop. Dié ram was die reserwe-kampioen in die sestandklas op die afgelope wêreldskou van die Boerboktelersgenootskap vroeër vanjaar in Bloemfontein.

Ram 22-0216, ook van Ferreira, is aanlyn aan 'n Nigeriese koper vir R37 500 verkoop.

Die duurste ooi (21-0240) op die veiling was R55 000 wat deur Harold Okai, ook van Ghana, betaal is. Die teler is ook Ferreira wat 'n ander ooi met 'n tweeling teen R47 500 aan Obinna Udeogu van Kenia verkoop het. Okai het nog 'n ooi, 22-0059, van Ferreira teen R47 000 aangeskaf. Duurste Kalahari red ram is verkoop deur Albie Horn vir R42 500 aan Abdulha Alammar van Saoudi Arabia.

Ferreira sê die vraag na teeldiere uit Afrika is groot, maar hoofsaaklik vir kommersiële bokke en diere vir beginnerkuddes. Die beste genetika word na die Ooste, Midde-Ooste en Oos-Europa uitgevoer. Die uitvoer van dié diere word egter deur bek-en-klouseer in Suid-Afrika en beperkte vlugte na oorloggeteisterde gebiede gestrem.

Die bokke vir die Afrika-uitvoer sal 'n kwarentyntydperk van sowat twee weke op Ferreira se plaas Chandelier deurbring voordat hulle bestemmings vertrek.

Die veiling is deur Vleissentraal Port Elizabeth aangebied met Ian Grobbelaar as afslaer. – Johan Norval

11 OKTOBER 2023

Doornpoort Genetics Produksie veiling

Aangebied deur Hobson & Kie

Duurste ram verkoop: Lot 7 van Boy Lötter, en Lot 13 van Paardefontein Boerbokstoet is verkoop vir R36 000.

Worlds View Boerbokke het lot 35, die duurste ooi met 2 lammers verkoop vir R7,250-00 verkoop
Baie geluk aan al die kopers en verkopers !



7 Oktober 2023 Sentraal Binneland Boerbokklub-veiling - Vryburg Skougronde
Aangebied deur André Kock & Seun - CDP Afslaers - Corne Du Plessis (aanlyn platform)

Verskeie telers het pragtige Boerbok & Kalahari Reds aangebied.
Lukas Burger Boerbokke het die veiling begin met 'n pragtige ram as lot 1, wat danook as die duurste ram verkoop is vir R35,000-00. Die duurste ooie is vir R8 000-00 elk verkoop.
Altesaam 58 x bokke is verkoop teen 'n gemiddelde prys van R8 327-58. Baie geluk aan al die kopers en verkopers, die klub, organiseerders en afslaers.

Noordkaap Klub Kampioenskappe - Philippolis Skouterrein

Beoordelaars - Abraham Burger & Jacques Pretorius

Junior Kampioen Ram - Karsten Boerbokke
Reserwe Junior Kampioen Ram - Karsten Boerbokke
Junior Kampioen Ooi - Mielievallei
Reserwe Junior Kampioen ram - Nico Botha Boerbokstoet
Senior Kampioen ram - Karsten Boerbokstoet
Reserwe Senior Kampioen ram - Karsten Boerbokstoet
Senior Kampioen ooi - CNC Boerbokstoet
Reserwe Junior Kampioen ooi - CNC Boerbokstoet
GROOT KAMPIOEN ram - Karsten Boerbokstoet
GROOTKAMPIOEN ooi - Mielievallei (Andrew Roberts)
Teler van kampioene: Karsten Boerbokstoet

BAIE GELUK aan al die telers met werklik hoogstaande gehalte bokke wat vir die kampioenskappe aangebied is, en welgedaan aan die organiseerders met 'n puik geleentheid!

Karoo Boerbokke/Boerbokke Groep veiling - Groblershoop

Die veiling, wat slegs 'n vloerverkoping aangebied het onder leiding van BKB met afslaer JP Marais, het 'n 100%-verkope gehad met al 98 lotte wat verkoop is.
CNC Boerbokstoet het die duurste ram aan JS Visagie verkoop vir R14,500-00, met Witsand Boerbokstoet wat die duurste ooi vir R7,500-00 aan Gerrit Hager verkoop het.



Duurste Boerbok ram verkoop vir R17 000 deur Leeuwput Trust aan J.G. Human.

Duurste Savanna ram verkoop vir R12 000 deur Ghaap Landgoed aan Saamboer boerdery.

X-TREME GENETICS
Gehou op Sat 11 Nov 2023 by Fire & Wine, Pretoria.
Aangebied deur CDP Auctioneers & CDP Online.
*Lot 7 Tag No - 1695-22-0060_*
Verkoop vir R65,000-00 deur Salmon van Huyssteen aan Corne van Staden
Lot 21 Tag No - 1695-22-0109
Verkoop vir R95,000-00 deur Salmon van Huyssteen aan Louis Passano!!!!!

Op foto van links (Lot 21):
Xandro & Louis Passano, Salmon Van Huyssteen en Corne Du Plessis.
Lot 30 - 1695-17-0106
Verkoop vir R65,000-00 deur Salmon van Huyssteen aan Alvin Steenkamp
Lot 65 - 762-21-0935 (koeël) + 2 lammers (1 manlik en 1 vroulik)
Verkoop vir R60,000-00 deur Salmon van Huyssteen aan Fernandus du Plessis
Hartlik geluk aan Verkopers, Kopers en Organiseerders met 'n uitstekende veiling!

4de Verkoping van die *Rose Veiling* - Boerbokke & Kalahari Reds.

Aangebied deur CdP Auctioneering- & Aanlyn dienste.
Gehou op Saterdag 18 November 2023 by Fire & Wine, Pretoria.
Duurste Boerbokke:
Lot 2 Salmon Van Huyssteen verkoop duurste ooi vir R 240 000.00 aan Louis Passano.
Riekie de Witt verkoop lot 59 vir R 170 000.00 aan Joubert Horn.
Duurste Kalahari Reds:
Josef Kleynhans van Dhidejak Kalahari Reds het lot 10 verkoop vir R100 000.00 aan 'n verkoper wat anoniem wil bly.
Krokodilnest verkoop lot 60 vir R85 000.00 aan Christiaan Coetzee.
Baie geluk aan almal betrokke met nog 'n uitstekende veiling.

BEFONK

Aangebied deur CdP Auctioneering Services
Afslaer: Deon Klopper

Befonk Elite Veiling 25 Nov 2023
Namens Lukas Burger en familie wil ons graag al ons kopers bedank vir julle ondersteuning en vertroue in ons genetika.
Duurste ooi op die veiling R170,000 - kopers Casper en Janette van Rensburg.
Duurste ram op die veiling R80,000 - koper Louis Passano van Passano Boerdery.
Met graagte bedank ons ook ons mede verkopers, Mnr Fouché Blignaut - Shongololo Boerbokstoet asook CDP auctioneers en afslaer, Deon Klopper.

WES-KAAP BOERBOKKLUB VEILING.
Andries Volgraaff van Tekoa Boerbokstoet het die duurste ooi vir R16 000.00 aan Pieter Niemand van Breede Boerbokstoet verkoop.
Vier ramme het R15 000.00 elk behaal.
Lot 101 van Mac Hendrik Jordaan en 102 van Andries Volggraaf wat beide aan Deon Vlok verkoop is.
Lot 105 van Doornkraal Agri verkoop aan Jaco Wolfaardt, en Lot 106 van Biedouw Boerdery verkoop aan CVS Boerdery.
Hartlik geluk aan die Klub met ‘n goeie veiling!

'n Jaar se einde is altyd vir my bitter-soet. Mens kyk mos vorentoe en agtertoe gelyk. Ons laat los die ou jaar so stukkie vir stukkie. Splinternuwe jaar lê voor ons. Die van julle wat bietjie gaan rus, wat 'n voorreg. Ons is amper daar! Fokus weer op die mooi en eenvoudige goedjies, en skakel in op jouself en familie.

Kaalvoet-Krismis
Hierdie krismis gaan ek plat sit.
Ek gaan kaalvoet loop op 'n stofpad.
Ek gaan ver verby alles kyk wat blink en fancy strikke op persente.
Ek gaan onthou hoe eerbiedig God was aan elke bid van my.
Ek gaan nederig raak soos 'n donkie wat die Heilige dra.
Ek gaan my jaar se manna dae onthou.
Toe ek hande vol van God se goedheid kon optel.
Hoe die liewe Vader my jaar se storms een een stil gemaak het.
My loop haal het daar waar ek duskant nêrens verdwaal geraak het.
Dat ek na nog 'n jaar weer kan onthou dat God nie 'n horlosie dra nie, net mense.
Dat ek nie altyd alles kry wat ek wil hê nie, maar presies alles wat ek nodig het.
En net soos 2000 jaar terug is elke jaar self beplan deur die Here en het Hy Homself my voetpad gelyk geskraap.
BRON: Sit aan die Ketel

Die Raad van die SABTV wil graag hiermee al ons Lede en Inspekteurs bedank vir julle lojaliteit en ondersteuning gedurende 2023.
Ons wens elkeen van julle 'n Geseënde Kersfees toe, en mag 2024 'n jaar van Vrede, Liefde en Voorspoed wees.

"Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"
– Lukas 2:11

Vriendelike groete tot volgende keer.
Michelle